
Hosianna!
BERG-EN-DAL
Kerssangdiens 2024
17 NOV. 09h30
Berg-en-Dal
NG-GEMEENTE
PRELLER-SIRKEL
DAN PIENAAR, BFN
Jesus sê: "Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sal bly nie."
JOHANNES 12:46
ALUMNI Voices
ARTS KUNSTETRUST

## KERSSANGDIENS 2024 - VONKK 385: HEILIGE NAG

| | |
|---|---|
| **HEILIGE NAG** | Heilige nag, die velde lê in stilte |
| | soos wat die herders hul skape versorg. |
| **DIE VERWAGTING** | Eeue reeds **wag die wêreld** op die oomblik |
| **GOD SE BELOFTE** | dat God's **BELOFTE** gestalte sou kry: |
| | 'n hoop wat leef in moeë menseharte, |
| **DIE LIG VAN DIE WêRELD** | die **EERSTE LIG** wat deur die donker breek. |
| | Kyk wat gebeur! Kom hoor die engelstemme: |
| | "Hosanna! Hosanna!" sy vrede breek nou deur, |
| | "Hosanna! Hosanna!" die heilige nag. |
| | |
| **HOOP LEEF IN ONS HARTE** | Herders vertrek, **DIE HOOP LEEF IN HUL HARTE** – |
| | na Betlehem om die Kindjie te sien. |
| | Toe hul Hom kry, in doeke by Maria, |
| **KNIEL IN AANBIDDING** | **HET HUL GEKNIEL** voor die klein-Koningskind**.** |
| | Die Koning van die hele wye wêreld |
| | het hul gevind in Betlehem se stal. |
| | Hy is die Heer, Gestuurde uit die hemel! |
| | "Hosanna! Hosanna!" sy vrede breek nou deur, |
| | "Hosanna! Hosanna!" die heilige nag. |
| | |
| **LEEF MET DEERNIS** | Jesus, ons Heer, U leer ons leef met **DEERNIS** |
| **GOD IS LIEFDE** | – u wet is **LIEFDE** en vrede u wil |
| | U breek die juk; die kettings van die sonde |
| | het ons as mense vir eeue gebind. |
| | 'n Lied van vryheid klink oor heel die aarde. |
| **PRYS SY NAAM** | **ONS PRYS SY NAAM, BESING** die Heer se mag |
| | "Jesus is Heer! **Kom prys sy Naam**, O, mensdom!" |
| **DANKBAARHEID** | "Hosanna! Hosanna!" sy vrede breek nou deur. |
| **ONS VERLOSSER KOM WEER** | "Hosanna! Hosanna!" die heilige nag**.** |
| **ONTVANG GOD SE SEËN** | |
| | |

Teks: *MINUIT CHRÉTIEN* – Placide Cappeau 1847; *O holy Night!* – J.S. Dwight (1813-1893);
Melodie: CANTIQUE DE NOËL – Adolphe Adam 1847
Afrikaanse teks: Hannes van der Merwe 2018 ©

*Hartlik welkom by die KERSSANGDIENS wat gelei word deur* ***ds Johan Marais,*** *orrelis Johan Cromhout, Alumni Voices Kamerkoor olv Leona Geldenhuys en soliste Paul Loeb van Zuilenburg en Matildie Thom Wium. Voorlesings uit die Bybel word deur Paul Zietsman, Claudine Engelbrecht en Inge Venter gedoen. Voorbladontwerp deur Leana Viljoen. Welkom aan alle besoekers en diegene wat via die Webblad, op Facebook en op Berg en Dal se Youtube kanaal by die erediens inskakel.*
*Kom geniet vrugteslaai & roomys en 'n glasie vrugtesap na die diens in die binnehof!*
***U is baie welkom!***

# *LITURGIE*

## TOEWYDING: ALUMNI VOICES KAMERKOOR: Alleluia - Frederik Sixten

## VOTUM EN SEËNGROET

**1 Johannes 1:5**
…God is LIG, en daar is geen duisternis in Hom nie.

**Johannes 1:9 -14**
9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan die kom na die wêreld. 10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en tog het die wêreld Hom nie erken nie.

**Johannes 8:12**
“Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê.”

**Christus, die LIG van die wêreld het as mens na die aarde gekom**
**om hier te leef en te werk**
**maar om ook as ons Verlosser aan die kruis te sterf.**

**CHRISTUS KOM WEER! ONS VERLOSSER KOM WEER…**

## A. DIE VERWAGTING

- **LOFSANG: VONKK 385: 1,2 & 3 - HEILIGE NAG - (Staande)**

| | |
|---|---|
| **1.**<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE VROUE**<br><br>Heilige nag, die velde lê in stilte<br>soos wat die herders hul skape versorg.<br>Eeue reeds **wag die wêreld** op die oomblik<br>dat God’s **BELOFTE** gestalte sou kry:<br>‘n hoop wat leef in moeë menseharte,<br>die **EERSTE LIG** wat deur die donker breek.<br>**GEMEENTE:**<br>Kyk wat gebeur! Kom hoor die engelstemme:<br>"Hosanna! Hosanna!" sy vrede breek nou deur,<br>"Hosanna! Hosanna!" die heilige nag. | **2.**<br>**KAMERKOOR en GEMEENTE MANS**<br><br>Herders vertrek – **DIE HOOP LEEF IN HUL HARTE** – na Betlehem om die Kindjie te sien.<br>Toe hul Hom kry, in doeke by Maria,<br>**HET HUL GEKNIEL** voor die klein-Koningskind<br>Die Koning van die hele wye wêreld<br>het hul gevind in Betlehem se stal.<br>**GEMEENTE:**<br>Hy is die Heer, Gestuurde uit die hemel!<br>"Hosanna! Hosanna!" sy vrede breek nou deur,<br>"Hosanna! Hosanna!" die heilige nag. |
| **3.**<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE**<br><br>Jesus, ons Heer, U leer ons leef met **DEERNIS** – u wet is **LIEFDE** en vrede u wil.<br>U breek die juk; die kettings van die sonde - het ons as mense vir eeue gebind.<br>‘n Lied van vryheid klink oor heel die aarde. **ONS PRYS SY NAAM, BESING** die Heer se mag:<br>"Jesus is Heer! **Kom prys sy Naam**, o mensdom!"<br>"Hosanna! Hosanna!" sy vrede breek nou deur.<br>"Hosanna! Hosanna!" die heilige nag**.** | |

Teks: *MINUIT CHRÉTIEN* – Placide Cappeau 1847; O holy Night! - JS Dwight (1813-1893)
Afrikaanse teks: Hannes van der Merwe 2018 Melodie: *CANTIQUE DE NOËL* – Adolphe Adam 1847

## B. GOD SE BELOFTE

**Lukas 1:28**

28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. 29 En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. 30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. 31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van **sy vader Dawid gee,** 33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

- **VONKK 301:1- HOSIANNA SEUN VAN DAVID, HY KOM IN GOD SE NAAM – (Staande)**

| | |
|---|---|
| **1.**<br>**KAMERKOOR**<br>Hosianna, Seun van Dawid!<br>Hy kom in God se Naam.<br>Geseënd die Seun van Dawid<br>wat kom in die Heer se Naam! **(X 2)**<br><br>Hosianna in die hoogste!<br>Hosianna! Hosianna!<br>Geseënd die Seun van Dawid<br>wat kom in die Heer se Naam. **(X 2)** | 2.<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE**<br>Hosianna, Seun van Dawid!<br>Hy kom in God se Naam.<br>Geseënd die Seun van Dawid<br>wat kom in die Heer se Naam! **(X 2)**<br><br>Hosianna in die hoogste<br>Hosianna! Hosianna!<br>Geseënd die Seun van Dawid<br>wat kom in die Heer se Naam**.** **(X 2)** |

Teks: *Hosiana Davids Son* – Sweedse Kerslied. Afrikaanse teks: Hannes van der Merwe 2016
Melodie: HOSIANNA – Abbé George Joseph Vogler (1741-1814)

- **LIED 332: 1,2 3 & 4 GOD SE LIEFDE SO ONEINDIG GEMEENTE - (Sittend)**

| | |
|---|---|
| 1.<br>God se liefde, so oneindig,<br>sien die nood van sondaars raak,<br>en God stuur vir hul die Christus<br>wat van sondaars kinders maak. | 3.<br>Heer, ons leef steeds soveel kere<br>of u liefde ons nie raak<br>en vergeet van al u goedheid<br>wat van ons u kinders maak. |
| 2.<br>Jesus wys ons hoe sy liefde<br>liefdeloosheid kan oordek<br>en in harde menseharte<br>deernis en geloof kan wek. | 4.<br>Tot U, Here, klink ons lofsang<br>oor u liefde wil ons sing<br>en ons wil u liefdesboodskap<br>oor die aarde uit laat kring. |

Teks: Hannes van der Merwe 2001
Melodie: *LOVE DIVINE* - John Stainer 1840-1901

## C. DIE LIG VAN DIE WÊRELD

**Johannes 1:9 -14**
9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan die kom na die wêreld. 10 Hy was in die wêreld, en
die wêreld het deur Hom ontstaan, en tog het die wêreld Hom nie erken nie. 11 Hy het gekom na
wat syne was en tog het sy eie mense Hom nie aanvaar nie. 12 Maar aan almal wat Hom
aanvaar het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word – hulle wat in sy Naam glo.
14 En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou,
'n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid.

- **ALUMNI VOICES KAMERKOOR: DIE LIG - RIHARDS DUBRA** (1964*)

| | |
|---|---|
| 1.In Skemerlig brand kerse sag,<br>met rook wat opstyg en geur verskaf<br>Ons Harte word vol, kom sing nou die lied,<br>Die LIG van die wêreld soos God dit gebied. | 2.'n Stêr wink vrolik bo op die stal.<br>Dis Betlehem stêr wat ons wil vertel<br>en sag wil ons juig en van Jesus getuig<br>Wyl Herders en Sterre sy lof besing |
| 3. In sonlig en reën – word ons geseën, - Hy's die Christuskind Verlosser en Heer,<br>Kom sing nou saam - verheerlik Sy Naam - Juig gelowiges. Eer Sy Naam! | |

Teks:Janiks Poruks (1871-1911) Afrikaanse teks: Leona Geldenhuys

**Efesiers 5: 8-11**
(Vroeër was julle die ene duisternis,) ... maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. 9 Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is

**Johannes 8: 12 -**
12 Toe het Jesus weer met hulle gepraat en gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê."

- **LIED 355: 1 & 2 - AL WAS EK NIE DAAR NIE - (Sittend)**

| | |
|---|---|
| 1.<br>**VOORSKOOLSE KINDERS & SKOLIERE**<br>Al was ek nie daar nie ek weet dit is waar<br>Die krip en Maria met die Kindjie by haar.<br>Dis of ek die engel die boodskap hoor bring<br>van Jesus se vrede wat harte laat sing. | 2<br>**KINDERS & GEMEENTE**<br>Al was ek nie daar nie - ek weet dit is só:<br>Die herders en wyses het dit eerste geglo.<br>En deur al die jare bou Jesus sy kerk -<br>die **Gees en die Woord** kom geloof in ons werk |

Teks: *AWAY IN A MANGER* - Philadelphia, VSA 1885; Attie van der Colf 1989 / 2001
Melodie: CRADLE SONG - William Kirkpatrick 1895

## D. HOOP LEEF IN ONS HARTE

**1 Petrus 1:3**
3 Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n **lewende hoop** mag hê

**Romeine 15:13**
13 Mag die **God van hoop** julle deur julle geloof met alle blydskap en vrede vervul, sodat julle **hoop** oorvloedig kan word deur die krag van die Heilige Gees.

- **LIEDBOEK 358: 1, 2 & 3 - SOMERKERSFEES - (Sittend)**

| 1. | 2. |
|---|---|
| **KAMERKOOR & GEMEENTE VROUE**<br>Welkom o stille nag van vrede,<br>onder die suiderkruis,<br>wyl stemme uit die ou verlede<br>oor sterrevelde ruis.<br><br>**GEMEENTE**<br>Kersfees kom, Kersfees kom –<br>gee aan God die eer.<br>Skenk ons ‘n helder Somerkersfees<br>in hierdie land, o Heer. | **KAMERKOOR & GEMEENTE VROUE**<br>Hoor jy hoe sag die klokke beier<br>in eeue-oue taal.<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE MANS**<br>Kyk, selfs die nagtelike swye<br>vertel die ou verhaal.<br><br>**GEMEENTE**<br>Kersfees kom, Kersfees kom –<br>gee aan God die eer.<br>Skenk ons ‘n helder Somerkersfees<br>in hierdie land, o Heer. |
| **3.**<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE:**<br>Voel jy ook nou sy warm **liefde** - As ons die dag gedenk,<br>toe Hy sy Seun aan ons gegee het – Ons grootste Kersgeskenk.<br>**Christus kom, Christus kom** – gee aan God die eer.<br>Skenk ons ‘n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer. | |

Teks: Koos du Plessis (1 en 2) en Jannie du Toit (3) 1971 / 2001.
Melodie: - Koos du Plessis 1971. Kantory verwerking: Albert Troskie

## E. KNIEL IN AANBIDDING

**Kom ons bid saam:**

**Mattheus 6: 9**
… jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra. 9 Só moet julle dan bid:

- **ALUMNI KAMERKOOR: ONS VADER - Musiek Anton Kratz**

Onse Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied,
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood,
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag
en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen

## F. LEEF MET DEERNIS

**Jesaja 9: 5-6**
5 Want 'n kind is vir ons gebore, ‘n seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. 6 Vir die uitbreiding van heerskappy en vir vrede sonder einde, sal hy op die troon van Dawid en oor sy

koninkryk wees, om dit te vestig en te ondersteun deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Die ywer van die Here, Heerser oor alle magte, sal dit doen.

**Lukas 2: 9 – 14**
9'n Engel van die Here het aan hulle verskyn, en die hemelse glans van die Here het rondom
hulle geskyn. Hulle het geweldig groot geskrik. 10 Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees
nie. Kyk, ek bring vir julle 'n goeie boodskap wat vir die hele volk 'n bron van groot vreugde sal
wees: 11 Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die
Here. 12 Dit sal vir julle die teken wees: Julle sal 'n pasgebore kind vind wat in doeke toegedraai
is en in 'n krip lê." 13 Skielik was daar saam met die engel 'n hemelse menigte wat God loof:
14 **"Eer aan God in die hoogste, en vrede op aarde vir die mense in wie God 'n welbehae het!"**

- **VONKK 283: 1,2 & 3 - KOM BUIG IN DIE STAL - (Sittend)**

| | |
|---|---|
| **1.**<br>**KAMERKOOR EN SOLIS**<br>Kom buig in die stal voor die hemelse Kind.<br>Kom, almal wat smag om die lewe te vind.<br>Kom buig voor die Kindjie deur eeue verwag –<br>die gawe van God vir 'n wêreld wat wag. | **2.**<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE**<br>Vir ons is gebore, vir ons is gegee<br>die ewige Koning, met luister beklee.<br>Die hemel en aarde smelt saam in die Kind –<br>die hoop vir 'n wêreld wat soek en nooit vind. |
| **3.**<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE**<br>**O Vredevors, Raadsman, Verlosser en Heer,**<br>die grootste genade kom daal in U neer:<br>geregtigheid, vrede, die lewe in God –<br>vir altyd en altyd ons heerlike lot! ***Jesaja 9: 5 - 6*** | |

Afrikaanse teks: Breda Ludik 2013
Musiek*: AWAY IN A MANGER* – James R Murray 1841-1905

## G. GOD IS LIEFDE

**1 Johannes 4: 18 -19**
18 In die liefde is daar geen vrees nie. Inteendeel, volmaakte liefde dryf die vrees na buite. 19
Ons het lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

**1 Johannes 4: 15**
16 Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het. God is liefde. En wie in die liefde bly, bly in God, en God bly in hom.

- **LIEDBOEK 334 :1, 2, 3 & 4 – GOD IS LIEFDE - (Staande)**

| | |
|---|---|
| **1.**<br>**GEMEENTE:**<br>"God is liefde!" juig ons harte,<br>en bedink wat liefde doen:<br>Dat Hy ons sy Seun gestuur het<br>om ons sonde te versoen. | **3.**<br>**GEMEENTE:**<br>Deur sy Gees, die wondergawe,<br>laat Hy wederliefde spruit;<br>en dié liefde wat volmaak is,<br>dryf die vrees en selfsug uit. |

| | |
|---|---|
| **2.**<br>**KAMERKOOR:**<br>Hy wat eerste liefgehad het,<br>het in liefde ons vergeef -<br>nou kan ons, uit God gebore,<br>uit dié bron van liefde leef! | **4.**<br>**GEMEENTE:**<br>As die Vader in sy liefde<br>dan die sondaars maak tot kind,<br>mag sy Seun al meer gestalte<br>in ons doen en late vind! |

Teks: Attie van der Colf 1978 Melodie: STUTTGART – Psalmodia Sacra Gotha 1715;
aangepas H Gauntlett 1861. Diskant: Albert Troskie 2001

## H. PRYS SY NAAM

**Psalm 5:1-3**

1 Vir die musiekleier; met fluite. 'n Psalm van Dawid. 2 O Here, luister na my woorde, let op my versugting. 3 Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek

**Openbaring 19:5**

5 En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! 6 En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.

- **VONKK 273: 1, 2, 4 & 5 - SING ’N NUWE KERSLIED – (1,2 & 3 Sittend)**

| | |
|---|---|
| **1**<br>**KAMERKOOR**<br>Sing ’n nuwe kerslied,<br>sing ’n nuwe lied<br>oor die grootste vreugde<br>ons ooit aangebied.<br>Sing ’n nuwe lied om Jesus te ontvang.<br>**Sing ’n nuwe kerslied,**<br>**sing ’n nuwe lied.** | **4.**<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE (Staande)**<br>Josef en Maria,<br>herders en die ster<br>en die wyse manne –<br>hulle kom van ver.<br>Almal ken die storie, almal hou dit vas.<br>**Sing ’n nuwe kerslied,**<br>**sing ’n nuwe lied.** |
| **2.**<br>**KAMERKOOR**<br>Vroeg een helder môre<br>sien ek, soos ’n droom,<br>voor my kamervenster<br>God se lenteboom -<br>in die boom een enkel<br>bloedrooi lenteblom.<br>**Sing ’n nuwe kerslied,**<br>**sing ’n nuwe lied.** | **5.**<br>**KAMERKOOR & GEMEENTE**<br>Niemand het tevore,<br>niemand het daarna<br>ooit soveel gegee of<br>ooit so min gevra.<br>**Stort jou hele hart uit,**<br>**gee jou hele self!**<br>**Sing ’n nuwe kerslied;**<br>**SING ’N NUWE LIED!** |
| **3.**<br>**KAMERKOOR**<br>Hoe het toe my hart met<br>God se vuur gegloei.<br>U het soos die bloeisel<br>tussen ons gebloei -<br>ongekende skoonheid, helderheid en lig!<br>**Sing ’n nuwe kerslied,**<br>**sing ’n nuwe lied.** | Teks: NOËL NOUVELET – tradisioneel Frans:<br>Afrikaanse teks: Breda Ludik 2012<br>Melodie: NOËL NOUVELET – tradisionele Franse kersmelodie E15*<br><br>“Noël nouvelet” (Uitspraak: nouwhêl noewely)<br>Dit beteken: Nuwe Kersfees |

## I. DANKBAARHEID

**Jesaja 11:1 -**
1 Maar 'n takkie sal spruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra. 2 Die gees van die Here sal op hom rus – die gees van wysheid en insig, die gees van raad en sterkte, die gees van kennis en ontsag vir die Here.

10 Op daardie dag sal die wortel van Isai as banier vir die volke bly staan – die nasies sal daarna vra, en sy rusplek sal luisterryk wees.

11 Op daardie dag **sal my Heer weer, vir 'n tweede keer**, sy hand uitsteek om die oorblyfsel van sy volk te koop – hulle wat oorgebly het in Assirië, Egipte, Patros, Kus, Elam, Sinar, Hamat en die eilande van die see.

- **LIEDBOEK 348: STILLE NAG 1, 2 & 3 (Sittend)**

<table>
<tr>
<td>1. KAMERKOOR & SOLIS<br>Stille nag, heilige nag!<br>Jesus kind, lank verwag,<br>Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,<br>word uit liefde aan mense gelyk.<br>Loof die hemelse Kind! –<br>Loof die hemelse Kind!</td>
<td>2. KOOR EN GEMEENTE<br>Stille nag, heilige nag!<br>Hemelvors, ons gee ag<br>op die lied van die engelekoor.<br>Herders het dit die eerste gehoor:<br>Juig, die Redder is daar! –<br>Juig, die Redder is daar!</td>
</tr>
<tr>
<td colspan="2">3. KOOR EN GEMEENTE<br>Stille nag, heilige nag! – Jesus, Heer, voor u mag,<br>voor u ryk moet die duisternis swig; - tot in ewigheid bly U die lig—<br>Heer, gebore vir ons! – Heer, gebore vir ons!</td>
</tr>
</table>

Teks: Joseph Mohr 1818/1838 Halleluja 1931 gewysig Izak de Villiers & Attie v d Colf 1978
Melodie: Stile Nacht - Franz Gruber 1818/1838

## J. CHRISTUS ONS VERLOSSER KOM WEER!

**Matt 24: 30**

30 “Dan sal die teken van die Seun van die Mens aan die hemelruim verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rouklaag, en hulle sal die Seun van die Mens sien kom op die wolke van die hemel met krag en groot heerlikheid.

**1 Tessalonisense 4: 16 – 17**

16 Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel, en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom, en diegene wat in Christus gesterf het, sal eerste
opstaan. 17 Daarna sal ons wat lewe en oorgebly het, saam met hulle in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. En so sal ons altyd by die Here wees.

- **VONKK 183: 1, 2 & 3 - NET SOOS DIE HEMELKOOR - (Sittend)**

| 1. | 2. |
|---|---|
| **KAMERKOOR**<br>Net soos die hemelkoor<br>sy lof op aarde sing<br>– die Seun van God wat mens kom<br>word en rede bring –<br>so klink ons lied vir Jesus Christus,<br>God se Seun: U is ons Heer! | **KAMERKOOR & GEMEENTE**<br>Die koninkryk van God,<br>sy liefde en sy trou<br>het Hy aan elke mens wat luister<br>voorgehou.<br>So klink ons lied: Die deernisvolle<br>Wonderdoener is die Heer! |
| **5.**<br>**KAMERKOOR EN GEMEENTE**<br>Ons glo dat Hy sal kom, dat ons by Hom sal wees.<br>Ons glo dat ons sal aansit by sy bruilofsfees.<br>Dan klink ons lied: Die Bruidegom het ons kom haal –<br>Hy is die Heer! | |

Teks: *Join all the glorious names* – Isaac Watts (1674-1748);
Hannes van der Merwe 2012 © Melodie: DARWALL'S 148th – John Darwall 1770

- **LIED 365: 1, 2 & 3 - HOOR DIE BLYE ENGELLIED – GEMEENTE (Sittend)**

| 1. | 2. |
|---|---|
| Hoor die blye englelied<br>aan die Koningseun gebied:<br>“Vrede op aarde – God die eer -<br>Hy daal tot die sondaar neer.”<br>Almal wat hom liefhet,<br>sing om Hom lof en dank te bring!<br>Almal, juig met hart en stem:<br>God word mens in Bethlehem.<br>Hoor die Blye englelied<br>aan die Koningseun gebied | Christus, ewig God en Heer,<br>Christus daar omhoog vereer,<br>In die volheid van die tyd<br>word Hy mens, in need’righeid.<br>Sondelose Lam van God<br>kom aanvaar die mens se lot -<br>Hy, met mense saamgetel,<br>Ware God – IMMANUEL!<br>Ook die aarde bring Hom eer –<br>Christus, ewig God en Heer! |
| **3.**<br>Jesus ware VREDEVORS - kom vir Hom ‘n volk verlos.<br>Wêreldwyd in elke land - kom bevryding deur sy hand.<br>In ons nood het Hy gedaal, - vir ons lewe duur betaal.<br>Vrygemaak, deur Hom gevind, - is ek ook nou koningskind!<br>Almal deur sy koms verlos, - dank en loof die Vredevors! | |

Teks: *Hark, the herald angels sing* - C Wesley 1739; Halleluja 1931; gewysig Attie van der Colf 1984 / 1989 Melodie: MENDELSSOHN - Felix Mendelssohn-Bartholdy 1840; aangepas WH Cummings 1856
Diskant: David Willcocks 1961 ã Oxford University Press, UK.

## K. HOSANNA! Sy vrede breek nou deur!

- **VONKK 385: vers 3 - HEILIGE NAG - (Staande)**

**3.**
**KAMERKOOR & GEMEENTE**
Jesus, ons heer, U leer ons leef met deernis –
u wet is liefde en vrede u wil.
U breek die juk; die kettings van die sonde
het ons as mense vir eeue gebind.
‘n Lied van vryheid klink oor heel die aarde.
Ons prys sy Naam, besing die Heer se mag:

"Jesus is Heer! Kom prys sy Naam, o mensdom!"
**"Hosanna! Hosanna!" sy vrede breek nou deur.**
**"Hosanna! Hosanna!" die heilige nag.**

Teks: *MINUIT CHRÉTIEN* – Placide Cappeau 1847; *O holy Night!* – J.S. Dwight (1813-1893);
Melodie: CANTIQUE DE NOËL – Adolphe Adam 1847
Afrikaanse teks: Hannes van der Merwe 2018 ©

## L. ONTVANG GOD SE SEËN - (Staande)

**Openbaring 22: 17, 20 -21**

17 En die Gees en die bruid sê: “Kom!”
En laat elkeen wat luister, sê: “Kom!
En laat elkeen wat dors het, kom.
En laat elkeen wat dit begeer, die water van die lewe kom kry, verniet!
20 Hy wat hierdie dinge getuig, sê: “Ja, Ek kom gou!” Amen! Kom, Here Jesus!

- **SEËNGROET - (Staande)**

21 Die genade van die Here Jesus bly by julle almal.

- **ALUMNI KAMERKOOR: CHORAL AMEN - John Rutter**

- **LIED 314: AMEN GEMEENTE (Staande)**

- **ORRELNASPEL** U word vriendelike versoek om na die orrelnaspel die kerk te verlaat.

Toe het Jesus weer met hulle gepraat en gesê:
*“**Ek is die LIG vir die wêreld**.*
*Wie My volg, sal beslis nie*
*in die duisternis leef nie,*
*maar sal die LIG van die lewe hê.”*

Johannes 8: 12